

20 Desember

Genesis 2:22,23; 3:20

Eva (2) - Nuwe verhoudings

Toe Adam sy vrou "Eva" noem, het hy eintlik haar naam verander: Van "Mannin" (2:23) - uit die man geneem, vroulike mens... na "Eva" - moeder van al die mense. So kom hy toe in 'n nuwe verhouding met haar te staan: sy's nie meer net eggenote, hulp vir hom nie, sy's nou ook moeder, voortsetter van lewe.

Hul huweliksband was gehawend na hul sondeval. Jy hoor die bitterheid in sy woorde teen sy Mannin: "Die vrou wat U my gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet" (3:12). Hulle was vreemd vir mekaar. Die Bose breek bande.

Maar - so het u gister gelees - God kom na sy mense toe, ondanks hul sondeval (3:9). Adam gryp gelowig aan Hom, die Lewe, vas. En so vind die verband (huwelik) tussen hom en sy vrou nuwe lewe. So is dit vandag nog - Eva se Seun en Here, God Jesus Christus, vernuwe stukkende mense verhoudings.

Dit is die Kersboodskap vir jou vandag in dié naamverandering van Mannin na Eva. Adam staan terug vir die tweede Adam. Hy erken dat hy alles verbrou het. Met die naam "Eva" bely hy dat alle lewenshoop nou net op die opsoekende God gerig is. Soos Hy eindelijk in Betlehem vlees en bloed sou word uit Eva.

Jy kan nié, selfs met die beste sielkundige hulp, sélf jou swak huweliksverhouding herstel nie. Jy én jou lewensmaat moet diep, grondig in die tweede Adam se leiding en liefde vertrou. Mag hierdie Kerstyd vir julle deurbraaktyd wees.

Sing: Skrifberyming 19:1, 6, 7

Ds. J. Botha (Laeveld)